



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Departement van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjhabeta: Lefapha la Thuto

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

SEPTEMBER 2025

REKENINGKUNDE V2

PUNTE: 150

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye insluitend 'n
formuleblad en 'n 11 bladsy antwoordboek.



Testpapers.co.za



Testquestions.co.za

HOU HIERDIE BLADSY OOP.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf waarin jy AL die vrae moet beantwoord.
3. 'n Formuleblad met Finansiële Aanwysers is aan die einde van hierdie vraestel aangeheg.
4. Toon AL die bewerkings om deelpunte te verdien.
5. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
6. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
7. ALLE bewerkings moet tot EEN desimale punt getoon word, waar van toepassing.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

VRAAG	ONDERWERP	PUNTE	MINUTE
1	Interne Beheer en Rekonsiliasies	40	30
2	Kosterekeningkunde	35	30
3	Voorraad	35	30
4	Begroting en BTW	40	30
TOTAAL		150	120

VRAAG 1: INTERNE BEHEER EN REKONSILIASIES**(40 punte; 30 minute)****1.1 INTERNE BEHEER**

Die eienaar van Dlamini Handelaars is baie tevrede dat alle betalings nou uitsluitlik (slegs) via EFO gemaak word. Hy oorweeg dit om sy besigheid heeltemal kontantloos te bedryf.

GEVRA:

1.1.1 Pearly, die boekhouer is verantwoordelik vir die prosessering en beheer van alle EFO-transaksies. Die interne ouditeur is bekommerd omdat daar geen verdeling van pligte is nie. Verduidelik EEN rede waarom die interne ouditeur bekommerd mag wees oor die gebrek aan verdeling van pligte. (2)

1.1.2 Baie klante verkies om kontant te betaal, maar Dlamini wil sy besigheid heeltemal kontantloos bedryf.

- Identifiseer EEN potensiële probleem wat die besigheid in die gesig mag staar as gevolg van hierdie besluit.
- Behalwe dat dit vinnig en tydbesparend is, identifiseer EEN voordeel van die gebruik van EFO's. (4)

1.2 BANKREKONSILIASIE

Die inligting handel oor Koen Handelaars vir Augustus 2025.

1.2.1 Toon die inskrywings wat in die Kontantjoernale aangeteken moet word. (10)

1.2.2 Bereken die saldo van die Bankrekening in die grootboek op 31 Augustus 2025. (4)

1.2.3 Stel die Bankrekonsiliasiestaat vir 31 Augustus 2025 op. (6)

INLIGTING:

Inligting van die Bankrekonsiliasiestaat voltooi op 31 Julie 2025:		R
Ongunstige saldo volgens Bankstaat		39 000
EFO's in KBJ aangeteken	315	45 000
	390	23 700
Deposito in die KOJ, maar nie op die Julie 2025 Bankstaat		107 000
Ongunstige saldo van die Bankrekening in die Grootboek		700

NOTA:

- EFO 315 en 390 verskyn op die Bankstaat op 1 Augustus 2025. EFO 390 verskyn as R25 700. Die Bankstaat is korrek.
- Die deposito verskyn op die bankstaat op 2 Augustus 2025.

B. Voorlopige totale van Kontantjoernale op 31 Augustus 2025 voordat die Bankstaat vir Augustus 2025 via epos van die bank ontvang is:

- Kontantontvangstejoernaal (KOJ): R90 850
- Kontantbetalingsjoernaal (KBJ): R85 750

C. Inligting op Augustus 2025-bankstaat wat nie in die Augustus Kontantjoernale aangeteken is nie:

	DEBIET	KREDIET
Rente		R450
EFO (Nazo – skoonmaak van kantoor se mat)	R3 500	
EFO (Jacobs – huurder)		R28 500
Debietorder (PGS Versekeraars)	R10 780	
Internet bankfoeie	R980	
Internet bankfoeie	R980	

NOTA: Die bank het die internet bankfoeie foutiewelik gedupliseer. Dit sal in September 2025 reggestel word.

D. Inskrywings in die KBJ vir Augustus wat nie op die Bankstaat vir Augustus verskyn nie:

- EFO 401 (J Koen – eienaar, vir private gebruik) op 28 Augustus 2025, R16 500
- EFO 419 (MVI Verskaffers) 30 Augustus 2025, R8 600

E. Deposito-inskrywings in die KOJ vir Augustus wat nie met die Bankstaat vir Augustus ooreenstem nie:

- R31 450 op 30 Augustus 2025
- R44 500 op 31 Augustus 2025. Die Bankstaat toon dit as R34 500. 'n Ondersoek het getoon dat die kontantstrokie na R44 500 optel, maar slegs R34 500 is gedeponeer. Die tekort kan nie opgespoor word nie en moet afgeskryf word.

F. Saldo soos per Bankstaat op 31 Augustus 2025 is die balanserende bedrag.

1.3 KREDITEUREREKONSILIASIE

Die volgende inligting handel oor Kapp Handelaars. Die saldo van Dordrecht Verskaffers in die Krediteurgrootboek stem nie ooreen met die eindsaldo op die staat wat op 27 Julie 2025 van hulle ontvang is nie.

GEVRA:

Bereken die korrekte saldo's deur die nodige aanpassings te maak vir die gegewe foute en weglatings in die Krediteurgrootboek en die staat van Dordrecht Verskaffers. Gebruik die tabel in die ANTWOORDEBOEK en toon 'n bedrag met "+", "-" of "geen inskrywing" vir elke fout of weglating wat ontdek is. (14)

SALDO'S OP 31 JULIE 2025

Dordrecht Verskaffers se rekening in die Krediteure-grootboek van Kapp Handelaars	R25 670 (krediet)
Maandelikse staat ontvang van Dordrecht Verskaffers	R28 155 (debiet)

Foute en weglatings geïdentifiseer nadat vergelykings gemaak is.

- A.** 'n Faktuur vir R8 820 is korrek in die Krediteuregrootboek ingeskryf, maar die rekeningstaat van Dordrecht Verskaffers het dit as R9 300 opgeteken. Die krediteureklerk het Dordrecht Verskaffers gekontak en hulle het bevestig dat hulle die fout sal regstel.
- B.** EFO 3092 vir R9 500, uitgereik aan Dordrecht Verskaffers, is verkeerdelik as R5 900 in die Kontanbetalingsjoernaal (KBJ) aangeteken en ook so oorgeboek.
- C.** Op 3 Julie 2025 het Kapp Handelaars 'n debietnota van R620 verkeerdelik gekrediteer op die rekening van Dordrecht Verskaffers in die Krediteuregrootboek.
- D.** 'n EFO-betaling van R5 500 is in die Krediteuregrootboek aangeteken, maar dit verskyn nie op die rekeningstaat nie. Na ondersoek ingestel is, is gevind dat hierdie betaling deur Kapp Handelaars eintlik aan Indwe Verspreiders gemaak is.
- E.** Die boekhouer het nie faktuur 958 (R6 870), ontvang van Dordrecht Verskaffers op 22 Julie 2025 aangeteken nie.
- F.** Die rekeningstaat ontvang van Dordrecht Verskaffers wys rente van R255, wat gehef is op 'n agterstallige saldo. Hierdie rente moet aangeteken en na die Krediteuregrootboek oorgeboek word.
- G.** Transaksies na die sluiting van die staat op 27 Julie 2025:
- Faktuur nr. 1654 vir goedere aangekoop, R8 700
 - Goedere teruggestuur aan Dordrecht Verskaffers, R2 920

HOU HIERDIE BLADSY OOP.

VRAAG 2: KOSTEREKENINGKUNDE**(35 punte; 30 minute)****2.1 FRESH SIP KOELDRANK VERVAARDIGERS**

Fresh Sip is 'n Suid-Afrikaanse vervaardigingsmaatskappy wat koeldranke vervaardig. Jy word voorsien van inligting rakende Fresh Sip vir die jaar geëindig 31 Augustus 2025.

Die fabriek beslaan 800 m², die administratiewe kantore 300 m² en twee nasionale verkoopskantore 100 m² elk.

GEVRA:

2.1.1 Bereken die:

- Direkte arbeidskoste (4)
- Verkoops- en verspreidingskoste (12)

2.1.2 Stel die Produksiekostestaat op. (5)

2.1.3 Bereken die koste van verkope vir die jaar geëindig 31 Augustus 2025. (4)

INLIGTING:**A. VOORRAAD**

Die volgende saldo's is geneem uit die finansiële state:

	2025	2024
Indirekte materiaal	R85 400	R73 800
Goedere-in-bewerking	R3 650 000	R3 740 500
Klaar produkte	R5 430 000	R4 600 400

B. ARBEIDSKOSTE

Die fabriekswerkers het 'n totale betaling van R604 800 ontvang, na 'n 28% aftrekking vir LBS, pensioenfonds en WVF. Die maatskappy dra 'n addisionele 8% van hul bruto verdienste by.

VERKOOPSKANTORE	
2 werkers per kantoor	R84 000 per werker per jaar (bonusse, oortyd en bydraes ingesluit)

C. ANDER UITGAWES

- (a) Indirekte materiaal aangekoop gedurende die jaar was 'n totaal van R240 000. 20% van alle indirekte materiaal word in die verkoopskantore gebruik.
- (b) Die totale huur beloop R117 000 per jaar. Huur word volgens vloerspasie toegedeel.
- (c) Vraggeld vir die jaar:
Op grondstowwe aangekoop: R40 000
Op klaar produkte verkoop: R75 000
- (d) Fresh Sip verkoop op krediet aan goedgekeurde klante. Een debiteur wie oorsee verhuis het se skuld van R8 000 moet as oninbaar afgeskryf word.
- (e) Bedrag uit die Vooraansuiweringsproefbalans op 31 Augustus 2025:
Versekering R115 375

Daar is ontdek dat die versekeringspremie vir September 2025 reeds betaal is. Die premies het onveranderd gebly. Die versekeringspremies word in die verhouding 3 : 1 : 1 tussen die fabriek, verkope en administrasie verdeel.

2.2 KAMP VERVAARDIGERS

Inligting vir die finansiële jaar wat eindig op 30 Junie 2025 word verskaf. Die besigheid vervaardig leerbanke op grond van bestellings ontvang.

GEVRA:

- 2.2.1 Bereken die verkoopprijs van elke produk op 30 Junie 2025. (4)
- 2.2.2 Die besigheid het na sonkrag oorgeskakel en sodoende elektrisiteits-uitgawe en totale vaste koste verminder. Die vaste koste per eenheid het egter vermeerder. Verduidelik hoe hierdie situasie die dis-ekonomie van skaal (skaalnadele) illustreer. Haal syfers aan. (4)
- 2.2.3 Die eienaar is bekommerd oor die verhoging in direkte arbeidskoste per eenheid. Stel EEN moontlike rede voor vir hierdie verhoging, behalwe normale inflasie. (2)

INLIGTING:

	2025	2024
Aantal banke vervaardig en verkoop	3 900	4 700
Gelykbreekpunt	3 200	3 525
Vaste koste per eenheid	R3 200	R3 000
Totale vaste koste	R12 480 000	R14 100 000
Veranderlike koste per eenheid	R1 600	R1 400

VRAAG 3: VOORRAAD**(35 punte; 30 minute)****3.1 BEGRIPPE**

Kies die korrekte term uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die term langs die vraagnommers (3.1.1–3.1.3) in die ANTWOORDEBOEK neer.

3.1.1 Voorraadwaardasimetodes beïnvloed die (koste van verkope / oninbare skuld) in die Staat van Omvattende Inkomste.

3.1.2 'n Hoër koste van verkope lei tot 'n (hoër / laer) bruto wins.

3.1.3 'n Hoër eindvoorraad sal verkry word in die (EIEU- / geweegde-gemiddelde-) metode gedurende tydperke van stygende pryse. (3)

3.2 VOORRAADWAARDASIE

Die inligting het betrekking op Amuse Photo Booths vir die finansiële jaar geëindig 30 Junie 2025. Mnr Amuse besit die besigheid en verkoop twee modelle foto-/video-hokkies, (n selfie-fotohokkie en 'n 360-videohokkie) en klein selfie-drukkers. Amuse het op 1 April 2025, drie maande voor die einde van die finansiële jaar, 360 videohokkies begin verkoop.

- Die foto-/videohokkies word waardeer deur die spesifieke identifikasie-metode te gebruik.
- Drukkers word waardeer deur die Eerste-in-Eerste-uit (EIEU)-metode te gebruik.

GEVRA:

3.2.1 Bereken die totale waarde van eindvoorraad van die foto-/videohokkies op 30 Junie 2025. (8)

3.2.2 Bereken die waarde van die eindvoorraad van drukkers op 30 Junie 2025. (4)

3.2.3 Bereken die koste van verkope van die drukkers vir die jaar geëindig 30 Junie 2025. (4)

3.2.4 Drukkers word teen 'n verkoopprijs van R3 000 verkoop. Bereken die bruto wins wat op die drukkers gemaak word. (4)

3.2.5 Die boekhouer het die aantal dae van 360-videohokkies wat teen jaareinde oor is, bereken. Die eienaar stem nie saam met die formule wat gebruik is nie.

Verduidelik aan die eienaar waarom die boekhouer korrek optree wanneer hy die volgende berekening gebruik: $\frac{\text{eindvoorraad}}{\text{koste van verkope}} \times \frac{90}{1}$ in plaas van

$\frac{\text{eindvoorraad}}{\text{koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$. Haal syfers aan deur die aantal dae/maande te gebruik. (3)

INLIGTING:

Die volgende inligting is 'n uittreksel uit die jaar geëindig 30 Junie 2025.

A. FOTO- EN VIDEOHOKKIES:

	GEKOOP			VERKOOP
	EENHEDE	EENHEIDS-KOSTE	TOTAAL	EENHEDE
Selfie-fotohokkie				
Januarie 2025	15	R17 600	R264 000	10
Terugsendings: Januarie 2025	(2)	R17 600	(R35 200)	
Mei 2025	20	R18 000	R360 000	15
360-Videohokkies				
April 2025	9	R19 500	R175 500	6
Vraggeld van R200 per eenheid is nie by eenheidsprys van 360-videohokkies ingesluit nie. Vraggeld is by die eenheidsprys van selfie-fotohokkies ingesluit.				

B. DRUKKERS:

		EENHEDE	BEDRAE
Openingsvoorraad		450	R675 000
Aankope:	Aug 2024	120 @ R1 500	R720 000
	Des 2024	160 @ R1 875	
	Mei 2025	120 @ R2 000	
Terugsendings:	Des 2024	(10 @ R1 875)	(R18 750)
Sluitingsvoorraad		160	?
Verkope		680	

3.3 BEHEER OOR VOORRAAD

Inligting verskaf hou verband met Willowmore Electronics vir die finansiële jaar geëindig 31 Julie 2025. Die besigheid verkoop selfone, slimhorlosies en tablette, met geen voorraadverliese wat gedurende die jaar aangemeld is nie.

GEVRA:

Identifiseer EEN verskillende probleem (insluitend syfers) vir elke produk en verskaf 'n oplossing vir elke probleem.

(9)

INLIGTING:

	SELFONE	SLIM- HORLOSIES	TABLETTE
Openingsvoorraad (eenhede)	280	2 000	200
Aankope (eenhede)	6 100	7 000	3 000
Eindvoorraad (eenhede)	400	3 500	800
Verkoopprijs per eenheid	R3 500	R5 000	R8 500
Kredietverkope (eenhede)	4 800	2 500	1 600
Kontantverkope (eenhede)	1 200	3 000	1 800
Terugsendings deur debiteure (eenhede)	(20)	0	(1 000)
Kontant ontvang van kontantverkope	R4 130 000	R15 000 000	R15 300 000

VRAAG 4: BEGROTING EN BTW**(40 punte; 30 minute)****4.1 FADA SE PAK EN DAS-WINKEL**

Jy word voorsien van inligting wat verband hou met die kontantbegroting van Fada se Pak en Das-Winkel.

GEVRA:**4.1.1 VERWYS NA INLIGTING A.**

Fada is bekommerd oor die invordering van debiteure. Sy gee nie korting vir vroeë betalings nie.

Bereken die % van debiteure:

(i) Wat hul rekeninge in die tweede maand na die maand van die kredietverkooptransaksie sal vereffen. (3)

(ii) Wat afgeskryf sal word as slegte skuld aan die einde van die derde maand na die maand van die kredietverkooptransaksie. (3)

4.1.2 VERWYS NA INLIGTING B.

Identifiseer TWEE items wat verkeerdelik in die Kontantbegroting opgeteken is. Gee EEN rede waarom hierdie items nie in 'n Kontantbegroting opgeteken word nie. (3)

4.1.3 VERWYS NA INLIGTING B TOT G.

Bereken die ontbrekende bedrae soos aangedui deur (i) tot (iv) in die Kontantbegroting. (14)

INLIGTING:**A. DEBITEURE-INVORDERINGSKEDULE:**

Maand van Verkope	KREDIET VERKOPE	SEPTEMBER 2025	OKTOBER 2025	NOVEMBER 2025
Julie	135 000	101 250	29 700	0

B. Uittreksel uit die Kontantbegroting:

	SEPTEMBER 2025	OKTOBER 2025
ONTVANGSTES	R	R
Ontvangstes van debiteure		
Kontantverkope	(i)	
Korting ontvang	4 500	5 600
Vaste deposito	40 000	
Rente op Vaste deposito	900	(ii)
BETALINGS		
Betalings aan krediteure		(iii)
Direkteursfooie	216 000	(iv)
Waardevermindering	30 000	30 000
Ouditfooie	0	42 000

C. Verkope:

- Kredietverkope beslaan 40% van totale verkope.
- Die winsopslagpersentasie is 50% op kosprys.

D. Uittreksel uit die Geprojekteerde Staat van Omvattende Inkomste:

	AUGUSTUS 2025	SEPTEMBER 2025	OKTOBER 2025
	R	R	R
Verkope	330 000	450 000	?
Koste van Verkope	?	(300 000)	?

E. Aankope:

- Alle aankope van voorraad is op krediet
- Voorraad word vervang in die maand van verkope. 'n Basisvoorraad word gehandhaaf.
- Krediteure word twee maande na aankope betaal, onderhewig aan 'n 5%-korting.

F. Direkteursfooie:

- Die besigheid het drie direkteure wat dieselfde maandelikse fooi verdien.
- Op 30 September 2025 het een van die direkteure bedank en 'n nuwe een is vanaf 1 Oktober 2025 aangestel.
- Die twee oorblywende direkteure sal vanaf 1 Oktober 2025 'n verhoging van 15% op hul maandelikse fooi ontvang. Die nuwe direkteur sal nie vir 'n verhoging oorweeg word nie.

G. Vaste deposito:

- R40 000 van die vaste deposito het op 30 September 2025 verval.
- Rente van 9% p.j. is aan die einde van elke maand ontvangbaar en word nie gekapitaliseer nie.

4.2 MARIKE SE GESONDHEIDSWINKEL

Marike se Gesondheidswinkel verkoop gesondheidsprodukte aan jong en fikse mense.

4.2.1 Marike het die begrote syfers met die werklike syfers vir September 2025 vergelyk.

	BEGROTE (R)	WERKLIK (R)	AFWYKING (R)
Totale Verkope	510 000	816 000	+306 000
Salarisse: Verkoopspersone	80 000	22 000	-58 000
Kommissie: Verkoopspersone	0	95 200	+95 200
Instandhouding van toerusting	4 000	2 500	-1 500
Reklame	36 000	54 000	+18 000
Afleweringkoste	0	23 000	+23 000
Verpakkingsmateriaal	29 532	36 915	+7 383

GEVRA:

- (i) Marike het 'n nuwe betaalmetode vir die verkoopspersone geïmplementeer. Verduidelik hoe hierdie verandering beide die besigheid en die verkoopspersone bevoordeel het. Haal syfers aan. (4)
- (ii) Identifiseer TWEE strategieë wat Marike gebruik het om verkoops-teikens vir September 2025 te verbeter, behalwe die betaling van verkoopspersone. Haal syfers aan. (4)
- (iii) Ondanks die oorbesteding aan verpakkingsmateriaal is Marike nie bekommerd nie. Verduidelik die rede hiervoor. Haal relevante persentasies aan. (4)
- (iv) Lewer kommentaar oor die beheer van instandhouding van toerusting vir September 2025. Geen syfers word benodig nie. (2)
- (v) Die werklike bedrag wat aan verpakkingsmateriaal bestee word, sluit BTW teen 15% in. Bereken die BTW-bedrag. (3)

40

TOTAAL: 150

GRAAD 12 REKENINGKUNDE FINANSIËLE AANWYSERS FORMULEBLAD	
$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Netto wins voor belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Bedrysuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bedryswins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$
Totale bates : Totale laste	Bedrysbates : Bedryslaste
(Bedrysbates – Voorraad) : Bedryflaste	Niebedryflaste : Aandeelhoudersbelang
(Handel en ander ontvangbare bedrae + Kontant en kontantekwivalente) : Bedryflaste	
$\frac{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$ (*Sien nota 1 hieronder)	$\frac{\text{Koste van verkope}}{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}$
$\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365}{1}$	$\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Koste van verkope/Krediet aankope}} \times \frac{365}{1}$ (*Sien nota 2 hieronder)
$\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Gemiddelde aandeelhoudersbelang}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Getal uitgereikte aandeel}} \times \frac{100}{1}$ (*Sien 3 nota hieronder)
$\frac{\text{Netto inkomste voor belasting + Rente op lenings}}{\text{Gemiddelde aandeelhoudersbelang + Gemiddelde niebedryflaste}} \times \frac{100}{1}$	
$\frac{\text{Aandeelhoudersbelang}}{\text{Getal uitgereikte aandeel}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandeel}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Tussentydse dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandeel}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Finale dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandeel}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Dividende per aandeel}}{\text{Verdienste per aandeel}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Netto inkomste na belasting}} \times \frac{100}{1}$
Totale vaste koste	
$\text{Verkoopprijs per eenheid} - \text{Veranderlike koste per eenheid}$	
LET WEL: - Handelsvoorraad aan die einde van 'n finansiële jaar kan gebruik word as dit in die vraag vereis word. 365 dae is slegs van toepassing indien dit relevant tot die hele jaar is. - Krediet aankope kan gebruik word in plaas van koste van verkope (syfers sal dieselfde wees mits voorraad konstant bly.) - Indien daar 'n verandering in die aantal uitgereikte aandeel gedurende 'n finansiële jaar is, word die geweegdegemiddelde getal aandeel in die praktyk gebruik.	



NAAM:

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

SEPTEMBER 2025

REKENINGKUNDE V2 ANTWOORDEBOEK

VRAAG	MAKS. PUNTE	PUNTE BEHAAL	GEMODEREERDE PUNTE
1	40		
2	35		
3	35		
4	40		
	150		

Hierdie antwoordeboek bestaan uit 11 bladsye.

VRAAG 1**1.1 INTERNE BEHEER****1.1.1**

Pearly, die boekhouer is verantwoordelik vir die prosessering en beheer van alle EFO-transaksies. Die interne ouditeur is bekommerd omdat daar geen verdeling van pligte is nie.
Verduidelik EEN rede waarom die interne ouditeur bekommerd mag wees oor die gebrek aan verdeling van pligte.

2

1.1.2

Baie klante verkies om kontant te betaal, maar Dlamini wil sy besigheid heeltemal kontantloos bedryf.

- Identifiseer EEN potensiële probleem.
- Identifiseer EEN voordeel van die gebruik van EFO's behalwe dat dit vinnig en tydbesparend is.

PROBLEEM**VOORDEEL**

4

1.2 BANKREKONSILIASIE**1.2.1**

KONTANTONTVANGSTE- JOERNAAL
R90 850

KONTANTBETALINGS- JOERNAAL
R85 750

10

1.2.2

Bereken die saldo van die Bankrekening in die grootboek op 31 Augustus 2025.

--

4

1.2.3 BANKREKONSILIASIESTAAT

	DEBIET	KREDIET

6

OF

6

1.3 KREDITEUREREKONSILIASIE

Nommer	KREDITEURE- GROOTBOEK	KREDITEURE- REKONSILIASIESTAAT
Opening-saldo's		
A		
B		
C		
D		
E		
F		
G		
Sluiting-saldo's		

14

TOTALE PUNTE		40
--------------	--	----

VRAAG 2

2.1 FRESH SIP KOELDRANK VERVAARDIGERS

2.1.1 Bereken die direkte arbeidskoste.

BEREKENING	ANTWOORD

4

Bereken die verkoops- en verspreidingskoste.

12

2.1.2 Produksiekostestaats vir die jaar geëindig 31 Augustus 2025.

Direkte materiaalkoste	2 038 760
Primêre koste	
Fabrieksbokoste	853 540
Totale produksiekoste	
Goedere-in-bewerking (1 September 2024)	
Goedere-in-bewerking (31 Augustus 2025)	
Koste van produksie van klaar produkte	

5

2.1.3 Bereken die koste van verkope vir die jaar geëindig 31 Augustus 2025.

BEREKENING	ANTWOORD

4

VRAAG 3

3.1 BEGRIPPE

3.1.1	
3.1.2	
3.1.3	

3

3.2 VOORRAADWAARDASIE

3.2.1 Bereken die totale waarde van eindvoorraad van foto/-videohokkies op 30 Junie 2025.

BEREKENING	ANTWOORD
Selfie-fotohokkie	
360-videohokkie	

8

3.2.2 Bereken die waarde van die eindvoorraad van drukkers op 30 Junie 2025.

BEREKENING	ANTWOORD

4

3.2.3 Bereken die koste van verkope van die drukkers vir die jaar geëindig 30 Junie 2025.

BEREKENING	ANTWOORD

4

3.2.4

Bereken die bruto wins wat op die drukkers gemaak word.

BEREKENING	ANTWOORD

4

3.2.5

Verduidelik aan die eienaar waarom die boekhouer korrek optree wanneer hy die volgende berekening gebruik: $\frac{\text{eindvoorraad}}{\text{koste van verkope}} \times \frac{90}{1}$ in plaas van $\frac{\text{eindvoorraad}}{\text{koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$. Haal syfers aan deur die aantal dae/maande te gebruik.

--

3

3.3

Identifiseer EEN verskillende probleem (insluitend syfers) vir elke produk en verskaf 'n oplossing vir elke probleem.

	PROBLEEM MET SYFERS	OPLOSSING
SELFONE		
SLIM- HORLOSIES		
TABLETTE		

9

TOTALE PUNTE

35

VRAAG 4

4.1 FADA SE PAK EN DAS-WINKEL

4.1.1 BEREKEN DIE % VAN DEBITEURE:

(i)	Wat hul rekeninge in die tweede maand na die maand van die kredietverkooptransaksie sal vereffen.	
	BEREKENING	ANTWOORD

3

(ii)	Wat afgeskryf sal word as slegte skuld aan die einde van die derde maand na die maand van die kredietverkooptransaksie.	
	BEREKENING	ANTWOORD

3

4.1.2 Identifiseer TWEE items wat verkeerdelik in die Kontantbegroting opgeteken is. Gee EEN rede waarom hierdie items nie in 'n Kontantbegroting opgeteken word nie.

TWEE ITEMS
REDE

3

4.1.3 BEREKEN DIE ONTBREKENDE BEDRAE

(i)	Kontantverkope	ANTWOORD

2

(ii)	Rente op vaste deposito	ANTWOORD

5

(iii) Ondanks die oorbesteding aan verpakkingsmateriaal is Marike nie bekommerd nie. Verduidelik die rede hiervoor. Haal relevante persentasies aan.

4

(iv) Lewer kommentaar oor die beheer van instandhouding van toerusting vir September 2025. Geen syfers word benodig nie.

2

(v) Die werklike bedrag wat aan verpakkingsmateriaal bestee word, sluit BTW teen 15% in. Bereken die BTW-bedrag.

BEREKENING	ANTWOORD

3

TOTALE PUNTE		40
--------------	--	----

TOTAAL: 150



NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

SEPTEMBER 2025

REKENINGKUNDE V2 NASIENRIGLYN

PUNTE: 150

NASIENBEGINSELS:

1. Tensy anders in die nasienriglyne aangedui, is strafpunte vir vreemde items slegs van toepassing indien 'n kandidaat nie punte op 'n ander plek in die vraag vir daardie item verloor het nie (geen vreemde-item-strafpunte vir misplaaste items nie). Geen dubbelpenaliserings toegepas nie.
2. Strafpunte vir plasing of swak aanbieding (bv. besonderhede) is slegs van toepassing indien die kandidaat punte vir die bedrae vir daardie item verdien het.
3. Tensy anders getoon, ken volpunte toe vir 'n korrekte antwoord. Indien die antwoord foutief is, merk die bewerkings wat getoon is.
4. Indien 'n vooraansuiweringsyfer as 'n finale syfer getoon word, ken die deelpunt toe vir die bewerking van daardie syfer (nie die metodepunt vir die antwoord nie). **Let wel:** As syfers aangedui is in die nasienriglyne vir komponentdele in bewerkings wat nie deelpunte verdien nie, kan die metodepunt van die finale antwoord ook nie toegeken word nie.
5. Tensy anders getoon, moet die positiewe of negatiewe effek van enige syfer in ag geneem word om die punt toe te ken. Indien geen + of – teken of hakie voorsien is nie, aanvaar dat die syfer positief is.
6. Waar aangedui in die nasienriglyne, kan deelpunte toegeken word om die verskil in kwaliteit van kandidate se antwoorde te bepunt.
7. Indien kandidate meer as die verlangde aantal antwoorde verskaf, ondersoek alle antwoorde tot voordeel van die kandidaat. Strafpunte kan toegeken word vir vreemde items, indien volpunte toegeken is. (maks -2 per V)
8. Waar strafpunte toegepas word, kan die punte vir daardie afdeling van die vraag nie as 'n negatiewe syfer getoon word nie.
9. Waar metodepunte toegeken word vir bewerking, moet die nasiener die redelikheid van die bewerking ondersoek.
10. 'Bewerking' beteken 'kontroleer bewerking'. 'Een deel korrek' beteken bewerking en een deel korrek.
Let wel: Kontroleer bewerking moet +, -, x, ÷, wees vlg. kandidaat se bewerkings (indien geldig) of vlg. nasienriglyne.
11. In bewerkings, moet nie punte toeken nie vir bewerking as teller en noemer omgeruil is – hierdie is ook op verhoudings van toepassing.
12. Met die toekenning van metodepunte, maak seker dat kandidate nie volpunte kry vir enige item wat gedeeltelik foutief is nie. Dui aan met 'n ☐.
13. Wees bedag daarop dat party kandidate geldige alternatiewe buite die nasienriglyn verskaf. Neem kennis dat een kommentaar meer as een aspek kan aanspreek.
14. Kodes: f = vreemde item; p = plasing/aanbieding; s = oortollig

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 11 bladsye.

VRAAG 1**1.1 INTERNE BEHEER****1.1.1**

Pearly, die boekhouer is verantwoordelik vir die prosessering en beheer van alle EFO-transaksies. Die interne ouditeur is bekommerd omdat daar geen verdeling van pligte is nie.

Verduidelik EEN rede waarom die interne ouditeur bekommerd mag wees oor die gebrek aan verdeling van pligte.

Enige EEN ✓✓ 2 of 0 geen deelpunte nie

- Foute/verkeerde transaksies kan ongemerk verbygaan sonder dat 'n tweede persoon die transaksies verifieer. / Om 'n enkele persoon te hê vir beide verwerking en beheer van transaksies skep 'n risiko van foute of bedrog.
- Risiko van bedrieglike transaksies.
- Sonder verdeling van pligte mag magsmisbruik plaasvind.

2

1.1.2

Baie klante verkies om kontant te betaal, maar Dlamini wil sy besigheid heeltemal kontantloos bedryf.

- **Identifiseer EEN potensiele probleem.**
- **Identifiseer EEN voordeel van die gebruik van EFO's, behalwe dat dit vinnig en tydbesparend is.**

PROBLEEM

Enige EEN ✓✓ 2 of 0 geen deelpunte nie

- Huidige klante, wat gewoon is om met kontant te betaal, kan huiwerig wees om oor te skakel – kan klante verloor.
- Uitsluiting van sekere klante – Sommige klante het dalk nie bankrekeninge/ bankkaarte/aanlynbankdienste nie.
- Verhoogde bankkoste – EFO-transaksies kan met bankfooie gepaardgaan.
- Tegnieuse probleme – As die EFO-stelsel afgaan, kan die besigheid sukkel om betalings te verwerk.

VOORDEEL

Enige EEN ✓✓ 2 of 0 geen deelpunte nie

- Verminder die risiko van diefstal en bedrog.
- Elimineer behoefte aan kontanthantering en berging.
- Elektroniese rekord van transaksies vir maklike opsporing en rekonsiliasie.
- Minder administratiewe koste (geen kontantstelling, kluipe of kontant-vervoerdienste nodig nie).
- Betaling/kwitansies is onmiddellik / rekening word onmiddellik opdateer
- Goedkoper bankkoste

4

1.2 BANKREKONSILIASIE

1.2.1

KONTANTONTVANGSTE- JOERNAAL	
R90 850	
450	✓
28 500	✓
119 800	

✓* Beide totale

KONTANTBETALINGS- JOERNAAL	
R85 750	
(25 700 – 23 700)	
2 000	✓✓
3 500	✓
10 780	✓
980	✓
10 000	✓✓
113 010	

10

-1 (maks. -1) vreemde / oortollige items (slegs indien punt(e) elders vir dieselfde bedrag verdien is) Waar die metodepunt vir totale toegeken word, maak seker dat kandidaat nie volpunte kry wanneer verkeerde bedrae ingesluit is nie. Dui aan met 'n ☒ (Riglyn 12).

1.2.2

Bereken die saldo van die Bankrekening in die grootboek op 31 Augustus 2025.

-700 ✓ +119 800 ✓* – 113 010 ✓* = 6 090 ✓ (Een deel korrek)

*Sien 1.2.1

4

1.2.3 BANKREKONSILIASIESTAAT

	DEBIET	KREDIET
Saldo volgens bankstaat (balanserende bedrag)	1 240 ✓*	
Uitstaande deposito		31 450 ✓
Uitstaande EFO: Nr. 401	16 500 ✓	
Nr. 419	8 600 ✓	
Regstelling van Bankkoste		980 ✓
Saldo volgens bankrekening	6 090 ✓	
-1 Aanbieding (verkeerde/ een besonderhede gegee)	32 430	32 430

6

*Bewerking, een deel korrek. Beide totale moet dieselfde wees.

-1 (maks -1) vreemde / oortollige items (slegs indien punt(e) elders vir dieselfde bedrag verdien is)

OF

1 kolommetode –

Merk slegs een opsie; kies die opsie wat kandidaat bevoordeel.

	Opsie 1	Opsie 2
Saldo volgens bankrekening	6 090 ✓	(6 090) ✓
Uitstaande EFO: Nr. 401	16 500 ✓	(16 500) ✓
Nr. 419	8 600 ✓	(8 600) ✓
Uitstaande deposito	(31 450) ✓	31 450 ✓
Regstelling van Bankkoste	(980) ✓	980 ✓
Saldo volgens bankstaat	1 240 ✓*	(1 240) ✓*

6

*Bewerking, een deel korrek

1.3 KREDITEUREREKONSILIASIE

Nommer	KREDITEUR- GROOTBOEK	KREDITEUR- REKONSILIASIESTAAT
Opening- saldo's	25 670 ✓	28 155 ✓
A		- 480 ✓✓
B	(-9 500 + 5 900) (2 of 0) -3 600 ✓✓	
C	(-620 – 620) Een punt elk -1 240 ✓✓	
D	+5 500 ✓	
E	+6 870 ✓	
F	+255 ✓	
G		Een punt elk indien tekens korrek is (+8 700 - 2 920) +5 780 ✓✓
Sluiting- saldo's	33 455 ☒ *	33 455

14

-1 per reël vir vreemde / oortollige items (slegs indien punt(e) elders vir dieselfde bedrag verdien is)

*Bewerking, (een deel korrek)

TOTALE PUNTE	40
--------------	----

VRAAG 2

2.1 FRESH SIP KOELDRANK VERVAARDIGERS

2.1.1 Bereken die direkte arbeidskoste.

BEREKENING	ANTWOORD
$604\,800 + 235\,88 = 840\,000$ * ✓ ☒ OF $604\,800 \times \frac{100}{72} = 840\,000$ * ✓ ☒ $840\,000^{*(\text{sien hierbo})} \times \frac{8}{100} = \underline{67\,200}$ ☒ (indien $\times \frac{8}{100}$) OF $604\,800 \checkmark \times \frac{100}{72} \checkmark \times \frac{108}{100} \checkmark$	907 200 ☒ * * Een deel korrek

4

Bereken die verkoops- en verspreidingskoste.

Arbeid ($2 \times 2 \times R84\,000$)	336 000 ✓✓
Materiaalkoste $[73\,800 + 240\,000 - 85\,400]$ $228\,400 \checkmark \checkmark \times 20\%$	45 680 ☒
Huur ($R117\,000 \times \frac{2}{13}$)	18 000 ✓ ☒
Vraggeld	75 000 ✓
Oninbare skuld	8 000 ✓
Versekering ($R115\,375 \times \frac{12}{13} \times \frac{1}{5}$)	21 300 ✓ ☒
	503 980 ☒ * * Een deel korrek

12

2.1.2 Produksiekostestaat vir die jaar geëindig 31 Augustus 2025.

Direkte materiaalkoste	2 038 760
Direkte arbeid Sien 2.2.1(ii)	907 200 ☒
Primêre koste	2 945 960
Fabrieksbokoste	853 540
Totale produksiekoste	3 799 500 ☒
Goedere-in-bewerking (1 September 2024)	3 740 500 ✓
	7 540 000
Goedere-in-bewerking (31 Augustus 2025)	(3 650 000) ✓
Koste van produksie van klaar produkte	3 890 000 ☒

5

2.1.3 Bereken die koste van verkope vir die jaar geëindig 31 Augustus 2025.

BEREKENING	ANTWOORD
$4\,600\,400 \checkmark + 3\,890\,000 \checkmark - 5\,430\,000 \checkmark$	R3 060 400 ☒ (Een deel korrek)

4

2.2 KAMP VERVAARDIGERS

2.2.1 Bereken die verkoopprys van elke produk op 30 Junie 2025.

BEREKENING		ANTWOORD
[12 480 000/3 200] 3 900 ✓✓ + 1 600 ✓ OF ✓ ✓ ✓ 12 480 000 = 3 200(VP - 1 600)		R5 500 ☒ Een deel korrek

4

2.2.2 Die besigheid het na sonkrag oorgeskakel en sodoende elektrisiteits-uitgawe en totale vaste koste verminder. Die vaste koste per eenheid het egter vermeerder. Verduidelik hoe hierdie situasie die dis-ekonomie van skaal illustreer. Haal syfers aan.

Verduideliking ✓✓

Syfers: Vergelyk produksievlak 2024 vs 2025 ✓✓ Moenie koste per eenheid as syfers (3 000 vs 3 200) aanvaar nie aangesien dit die gevolg is van verandering in vlak van produksie.

- Afname in produksie beteken dat vaste koste nou oor minder eenhede versprei word (4 700 in 2024 vs 3 900 in 2025), wat die vaste koste per eenheid verhoog.
- Besigheid verloor die kostevoordeel om op 'n groter skaal te produseer (4 700 vs 3 900), wat tot hoër koste per eenheid ten spyte van besparings op elektrisiteit lei.

4

2.2.3 Die eienaar is besorg oor die verhoging in direkte arbeidskoste per eenheid. Stel EEN moontlike rede voor vir hierdie verhoging, behalwe normale inflasie.

Enige EEN ✓✓ 2 of 0 Geen deelpunte nie

- Meer oortyd
- Laer produktiwiteit – meer tyd per eenheid geneem as gevolg van ondoeltreffendheid
- Minder ervare werkers aangestel
- Masjien onklaarrakings – verhoogde arbeidstyd
- Verhoging in salaris sonder 'n toename in produktiwiteit (Nie net verhoging in salaris nie)

2

TOTALE PUNTE	35
--------------	----

VRAAG 3

3.1 BEGRIPPE

3.1.1	Koste van verkope	✓
3.1.2	Laer	✓
3.1.3	EIEU	✓

3

3.2 VOORRAADWAARDASIE

3.2.1 Bereken die totale waarde van eindvoorraad van foto-/videohokkies op 30 Junie 2025.

BEREKENING	ANTWOORD
Selfie-fotohokkie $[15 - 2 - 10]$ $3 \checkmark \times R17\,600 = 52\,800 \checkmark$ $[20 - 15]$ $5 \checkmark \times R18\,000 = 90\,000 \checkmark$	R201 900 ☒ (Een deel korrek)
360-videohokkie $[9 - 6] \checkmark \times [19\,500 + 200] \checkmark = 59\,100 \checkmark$	

8

3.2.2 Die waarde van die eindvoorraad van drukkers op 30 Junie 2025.

BEREKENING	ANTWOORD
$120 \times 2\,000 = 240\,000 \checkmark$ $40 \checkmark \times 1\,875 = 75\,000 \checkmark$	R315 000 ☒

4

3.2.3 Bereken die koste van verkope van die drukkers vir die jaar geëindig 30 Junie 2025.

BEREKENING	ANTWOORD
$[720\,000 - 18\,750]$ $675\,000 \checkmark + 701\,250 \checkmark - 315\,000 \checkmark$ (sien 3.2.2) OF $[120 \times 1\,500]$ $[110 \times 1\,875]$ $675\,000 \checkmark + 180\,000 \checkmark + 206\,250 \checkmark$	R1 061 250 ☒

4

3.2.4

Bereken die bruto wins wat op die drukkers gemaak word.			
BEREKENING		ANTWOORD	
Verkope:	680 x R3 000 = R2 040 000 ✓ ☒	R978 750 ☒	
Koste van Verkope:	= (R1 061 250) ☒	(een deel korrek)	4

3.2.5

Verduidelik aan die eienaar waarom die boekhouer korrek optree wanneer hy die volgende berekening gebruik: $\frac{\text{eindvoorraad}}{\text{koste van verkope}} \times \frac{90}{1}$ in plaas van $\frac{\text{eindvoorraad}}{\text{koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$. Haal syfers aan deur die aantal dae/maande te gebruik.		
Enige EEN kommentaar ✓✓ Syfers ✓ - Die finansiële jaar is 12 maande, maar videohokkies is slegs tydens die laaste 3 maande verkoop. - Die voorraadhou tydperk word bereken vir die spesifieke tydperk van verkope (90 dae), nie die volle finansiële jaar (365 dae) nie. - Om die voorraadhou tydperk vir hierdie 3 maande akkuraat te bepaal, vermenigvuldig jy met 90 (die werklike aantal dae in die tydperk), nie 365 nie. - Vermenigvuldiging met 365 sal die voorraadhouingstydperk vir die 3 maande van werklike verkope wanvoorstel.		3

3.3

Identifiseer EEN verskillende probleem (insluitend syfers) vir elke produk en verskaf 'n oplossing vir elke probleem.			
	PROBLEEM ✓✓✓ MET SYFERS ✓✓✓	OPLOSSING ✓✓✓	
SELFONE	Vermiste geld, R70 000 (4 200 000 – 4 130 000) Kredietverkope baie hoër as kontantverkope (likiditeitskwessies) 4 800 krediet vs 1 200 kontant of 3 600 eenhede meer (75%)	Verdeling van pligte/ daaglikse bank van geld Verbeter fisiese sekuriteit Bevorder EFO-betalings deur aansporings soos korting te verskaf.	
SLIM-HORLOSIES	Stadige verkope-item / te veel voorraad voorhande (3 500 vs 2 000 opening) Aankope baie hoër as verkope (7 000/5 500)	Verander na 'n ander tipe horlosie. Adverteer meer om verkope te verhoog Koop voorraad volgens verkope. Verminder winsopslag%	
TABLETTE	Baie terugsendings, 1 000 OF 1 000 / 3 400 (29,4%)	Moontlike verandering na nuwe verskaffer Verseker dat hoë kwaliteit bestel word Bestel volgens klant-spesifikasies Kontroleer kwaliteit as voorraad afgelewer word	9

TOTALE PUNTE

35

VRAAG 4

4.1 FADA SE PAK EN DAS-WINKEL

4.1.1 BEREKEN DIE % VAN DEBITEURE:

(i)	Wat hul rekeninge in die tweede maand na die maand van die kredietverkooptransaksie sal vereffen.
BEREKENING	
$\frac{101\,250 \checkmark}{135\,000 \checkmark} \times \frac{100}{1}$	
ANTWOORD	
75 % ☒ (Een deel korrek; x 100 nie een deel korrek nie)	

3

(ii)	Wat afgeskryf sal word as slegte skuld aan die einde van die derde maand na die maand van die kredietverkooptransaksie.
BEREKENING	
$\frac{[101\,250 + 29\,700] - [135\,000 - 130\,950]}{150\,000} \times \frac{100}{1}$	
ANTWOORD	
3% ☒ (Een deel korrek; X 100 nie een deel korrek nie)	

3

4.1.2 Identifiseer TWEE items wat verkeerdlik in die Kontantbegroting aangeteken is. Gee EEN rede waarom hierdie items nie in 'n Kontantbegroting opgeteken word nie.

TWEE ITEMS
Korting ontvang ✓
Waardevermindering ✓
REDE ✓
Nie kontanttransaksies nie / Beïnvloed nie die kontantvloei nie.

3

4.1.3 BEREKEN DIE ONTBREKENDE BEDRAE

(i)	Kontantverkope	ANTWOORD
$450\,000 \times \frac{60}{100}$		270 000 ✓✓

2

(ii) Rente op vaste deposito	ANTWOORD
$\frac{900 \times 12}{9} \times \frac{100}{1} = 120\,000 \checkmark$ $(120\,000 - 40\,000)$ $80\,000 \checkmark \times \frac{9}{100} \checkmark \times \frac{1}{12} \checkmark$	600 ☒

5

(iii) Betalings aan krediteure	ANTWOORD
$330\,000 \times \frac{100}{150} = 220\,000 \checkmark$ (koste van verkope) $220\,000 \times 95\% \checkmark$	209 000 ☒

3

(iv) Direkteursfooie	ANTWOORD
$216\,000 \times \frac{2}{3} \times \frac{115}{100} = 165\,600 \checkmark \checkmark$ $216\,000 \times \frac{1}{3} = \underline{72\,000} \checkmark$	237 600 ☒

4

4.2.1 BEGROTE SYFERS VERGELYK MET WERKLIKE SYFERS

(i) Marike het 'n nuwe betaalmetode vir die verkoopspersone geïmplementeer. Verduidelik hoe hierdie verandering beide die besigheid en die verkoopspersone bevoordeel het. Haal syfers aan. BESIGHEID Verduideliking ☒ Syfers ☒ Werklike verkope is R306 000 hoër as begrote verkope (816 000 – 510 000); verkope is 60% hoër as die begroting. VERKOOPSPERSONE Verduideliking ☒ Syfers ☒ Alhoewel die salarisse van R80 000 tot R22 000 verminder is, het hulle 'n kommissie van R95 200 / R37 200 meer ontvang as die oorspronklike begrote bedrag vir salarisse / 46,5% meer.	
---	--

4

(ii) Identifiseer TWEE strategieë wat Marike gebruik het om verkoops-teikens vir September 2025 te verbeter, behalwe die betaling van verkoopspersone. Haal syfers aan. Strategie ☒ ☒ Syfers ☒ ☒ Meer advertensies / Oorbesteding R18 000 (50%) (Begroot R36 000 bestee R54 000) Begin om aan kliënte te af lewer, R23 000, terwyl R0 begroot is	
--	--

4

(iii) **Ondanks die oorbesteding aan verpakkingsmateriaal is Marike nie bekommerd nie. Verduidelik die rede hiervoor. Haal relevante persentasies aan.**

Verduideliking van beide items ✓✓ d.w.s. verkope en verpakkingsmateriaal moet gemeld word

Kandidate moet persentasies aanhaal ✓✓ / moet persentasies van hierdie twee items vergelyk om vol punte te kan verdien / indien totale aangehaal word, ken slegs een punt toe

Verkope was 60% oor begroting, terwyl verpakkingsmateriaal slegs 25% oor begroting was.

OF

Verpakkingsmateriaal is op 5,8% van verkope begroot, terwyl werklike verpakkingsmateriaal slegs 4,5% van verkope was.

4

(iv) **Lewer kommentaar oor die beheer van instandhouding van toerusting vir September 2025. Geen syfers word benodig nie.**

Kommentaar ✓✓ Enige EEN antwoord

- Laer onderhoudsbesteding kan tot agteruitgang van bates lei, wat toekomstige herstelkoste verhoog.
- Kan hoër waardeverminderingssuitgawes tot gevolg hê as slytasie van bates vinniger plaasvind.
- Kan kostebesparende maatreëls aandui, maar risiko's verminder doeltreffendheid en produktiwiteit.
- Kan besigheid se reputasie beïnvloed as toerusting of fasiliteite nie goed onderhou word nie.
- Potensiaal vir hoër langtermynuitgawes as gevolg van groot herstelwerk of vervangings.

2

(v) **Die werklike bedrag wat aan verpakkingsmateriaal bestee word, sluit BTW teen 15% in. Bereken die BTW-bedrag.**

BEREKENING	ANTWOORD
$36\,915 \checkmark \times \frac{15 \checkmark}{115}$	R4 815 ☒ Een deel korrek

3

TOTALE PUNTE

40

TOTAAL: 150